



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Psalm 88

Depressie is nie maar net om "down" te voel nie. Dis om geen lewenslus te hê nie. Dis 'n doodsheid waaruit jy jouself nie kan lig nie.

Dit is om lewend "dood" te wees. Dis goed om te weet dat depressie nie onbekend in die Bybel nie.

Buiten professionele hulp, het jy veral vir God nodig om jou weer opgewonde oor jou lewe te laat voel.

Depressie is nie 'n swakheid nie, bloot 'n uitdaging wat jy sal moet bestuur met die regte hulp.

Depressie

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou elwe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?

Waarom beleef jy daardie emosies?

Notas



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

21 Emosies

Depressie

Is God groot genoeg om ons klagtes en vrae te hanteer?

Moet ons gebede ooreenstem met ons emosies van die oomblik?

Met ander woorde, moet ons wegkruip van wat regtig aan die gang is?

Watter voorbeelde is in Psalm 88?

Waarom gee God ons kans om ons teleurstellings uit te spreek en te kla?

Watter soort "maskers" dra ons? Waarom dra ons dit?



Quellerina Gemeente